

# MODULE 7

## BELASTING EN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)



### VOORHEEN GELEER

Die verskillende vorme van belasting soos inkomstebelasting en eiendomsbelasting.

Hierdie module dek die volgende onderwerpe:

- Noodsaaklikheid van BTW
- Doel van BTW
- Beginsels van BTW
- Nulkoersbelasting
- BTW vrygestelde items
- BTW-belasbare items
- Huidige BTW-koers

## BELASTING IN SUID-AFRIKA

Voordat die spesifieke beginsels van BTW bestudeer word, sal dit van nut wees om eers op die algehele konteks van belasting in die algemeen te let.

In alle lande wat die kapitalistiese ekonomie volg, bepaal die kragte van aanvraag en aanbod die goedere en dienste wat deur en aan die inwoners en besigheidsorganisasies aangebied word. Indien die bevolking 'n sekere produk of diens wil hê, sal besighede opgerig te word om hierdie behoefte te bevredig. Byvoorbeeld etlike jare gelede was daar 'n sekere aanvraag vir selfone in hierdie land wat gelei het tot die stigting van MTN, Vodacom en Cell-C. Die aanvraag en aanbod vir enige produk of diens bepaal uiteindelik sy prys, en verskaffers sal tot die mark toetree as hulle reken dat die verwagte finansiële opbrengste die moeite werd sal wees.

Daar kan egter nie altyd op die markkragte vertrou word om sekere produkte en dienste op 'n skaal en teen 'n prys wat die land benodig te voorsien nie. Markkragte word ook deur ekonomiese toestande beïnvloed. Byvoorbeeld as daar 'n tekort aan geld in die land is, sal die vraag vir luukse goedere afneem en sekere verskaffers mag hulle besighede sluit. Dit mag nie toegelaat word om in die geval van noodsaaklike dienste wat die land vir sy voortdurende bestaan en vooruitgang benodig te gebeur nie.

Oorweeg die geval van 'n land se polisiemag. Die SA Polisië dienste bied hulle dienste gratis aan die bevolking van Suid-Afrika aan. Die geskiedenis het bewys dat geen entrepreneur of besigheidsorganisasie gewillig sal wees om sy hulpbronne aan te wend om 'n diens soos hierdie gratis aan te bied nie. Dit is waar dat handelsbeskermings (sekuriteits-) maatskappye begin ontstaan het. Hierdie maatskappye hef diensgeld vir hulle dienste, wat hulle slegs aan daardie verbruikers wat meer as wat die publieke dienste aan alle Suid-Afrikaneers bied, verlang en wat gewillig is om meer vir daardie diens te betaal.



Soortgelyke oorwegings is op ander gebiede van Suid-Afrikaanse lewe soos onderwys, die regstelsel, gesondheidsdienste, padwerke, die weermag en staatsadministrasie van toepassing. In die jare wat verby is, was die Suid-Afrikaanse regering vir die voorsiening van baie meer dienste as wat vandag die geval is, verantwoordelik, maar namate die ekonomie van die land ontwikkel het, het al meer en meer van hierdie dienste die verantwoordelikheid van handelsorganisasies geword. Telkom en Yskor is twee voorbeelde.

Die regering het inkomste nodig om hierdie koste te dek. Die inkomste wat hulle ontvang is hoofsaaklik in die vorm van belasting. Die Inkomstebelastingwet is 'n wet wat deur die parlement ingestel is wat dit vir elke persoon en maatskappy verpligtend maak om belasting te betaal op die inkomste wat hulle verdien, in ooreenstemming met die belastingskale wat in die Wet neergelê is. Van elke werkgewer word verlang om hierdie inkomstebelasting van hulle werknemers se vergoeding op 'n maandelikse basis af te trek en aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) wat die verskuldigde belasting vir die regering invorder, oor te betaal. Dit staan bekend as die LBS (Lopende Betaalstelsel). Daardie mense wat in hul eie diens is, moet as voorlopige- belastingbetalers registreer en voorlopige belastingopgawes elke ses maande indien. Die Inkomstebelastingkale is op 'n progressiewe belastingskaalstruktuur gebaseer. Hoe hoër 'n persoon se inkomste is, hoe hoër is sy belastingkoers. Tans betaal persone wat minder as R78 150 per jaar verdien, nie inkomstebelasting nie. (Hierdie syfer kan te enige tyd deur die Minister van Finansies gewysig word.) Maatskappy betaal 'n sekere % van hulle winste as belasting.



Daar is verskeie ander vorme van belasting wat in Suid-Afrika gehef word. Doeanebelasting word op ingevoerde items gehef. Aksynsbelasting word op sekere items waarvan die regering die gebruik daarvan wil beperk, gehef, bv. alkohol en sigarette. Boedelbelasting word op 'n persoon se rykdom gehef wanneer hy sterf. Oordragskoste word op die koopprys van grond en geboue gehef. Belasting op Toegevoegde Waarde is nog 'n ander voorbeeld. Daar is ook verskeie ander belastings.

**OPDRAG 7.1 Hoekom moet belasting volgens SAID betaal word?**

Vul die ontbrekende woorde in die blanko spasies gemerk A tot K in die volgende uittreksel in. Kies jou antwoorde van die onderstaande lys.

begroting; verdediging; aandele ekonomiese; dienste; uitgawes; finansies; gefinansier; gesondheid; hospitale; werk; privaatkole; paaie; belastings;

Sonder die inkomste van .....**A**....., kan die owerheid nie sy ....**B**.....doen nie. Die staat het jou belastinggeld nodig om sosiale en .....**C**..... programme te finansier en om goedere en ....**D**....., soos skole, universiteite, .....**E**....., klinieke en ....**F**....., asook ....**G**.... en sekuriteit te voorsien. Elke jaar lewer die Minister van .....**H**..... die jaarlikse .....**I**.....in die parlement, wat die totale .....**J**..... uitlig vir die volgende finansiële jaar en die maniere waarop hierdie uitgawes .....**K**..... sal word.

**OPDRAG 7.2 Definisies en verduideliking van sommige vorme van belasting in Suid-Afrika**

Pas die mees gepaste verduideliking in kolom "Y" met die term in kolom "X".

KOLOM "X"		KOLOM "Y"	
1.	Inkomstebelasting	A	Hierdie belasting is in Oktober 2001 ingestel. Dit vorm deel van die inkomstebelastingstelsel en sluit belasbare inkomste op kapitale gewin met die verkoop van vaste bates in.
2.	Kapitaalwinsbelasting	B	Hierdie belasting is betaalbaar op die waarde van eiendom wat 'n inwoner verkoop by wyse van 'n donasie.
3.	Belasting on Toegevoegde Waarde (BTW)	C	Hierdie belasting is die owerheid se vernaamste bron van inkomste en word gehef in terme van die Inkomstebelastingwet, 1962. Hierdie belasting word gehef op 'n Suid-Afrikaanse inwoner se wêreldwye inkomste.
4.	Aksynbelasting	D	Alle werkgewers moet hierdie inkomstebelasting van hul werknemers se maandelikse salaris aftrek en oorbetaal aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) wat die belasting wat verskuldig is aan die owerheid insamel.


5.	Oordragkode	E	Dit is die owerheid se tweede grootste bron van inkomste. Dit word gehef teen 'n standaardkoers van 15%, maar sommige goedere word belas teen nul-koers en ander is vrygestel van belasting.
6.	Boedelbelasting	F	Hierdie is 'n verpligte heffing vir die befondsing van onderwys en opleiding. SAID administreer die insameling van die fondse. Die koers is 1% van die betaalstaat en is betaalbaar deur die werkgewers wat by SAID geregistreer is vir werknemers se belastingdoelindes.
7.	Werkloosheidsverskeringsfonds (WVF)	G	Hierdie is 'n spesifieke heffing op tabak en alkohol, sommige kosmetiese produkte, televisies, klanktoerusting en motors. Vrystelling van die heffing is beskikbaar waar produkte uitgevoer word.
8.	Vaardigheidsontwikkelingsfonds	H	Hierdie fonds verskaf korttermynverligting aan werkers wanneer hulle werkloos is of nie werk kan kry nie as gevolg van kraamverlof of siekte.
9.	Skenkingsbelasting	I	Vir die doel van hierdie belasting bestaan die boedel van 'n oorledene uit al die bates en besittings van die oorledene – insluitende eiendom, versekering en pensioen. Hierdie belasting word teen 'n sekere %, wat verander kan word, op die waarde van die boedel bereken.
10.	Lopende betaalstelsel (LBS)	J	Hierdie belasting is betaalbaar deur individue wanneer hulle eiendom bekom, dit is 'n progressiewe koers wat wissel tussen 0% en 8%. Wanneer eiendom deur iemand anders as 'n individu, soos 'n maatskappy, bekom word, is die koers 8%.

## **DIE ALGEMENE BEGINSELS VAN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

BTW is die mees omvattende van al die belastings wat in Suid-Afrika gehef word, aangesien dit gelykwaardig op alle persone van toepassing is. Geen persoon, ongeag van hoe min hy verdien, is vrygestel van die betaling van BTW nie. Baie mense kan redeneer dat BTW die regverdigste vorm van belasting is.

BTW word op die voorsiening van goedere en dienste deur 'n verkoper (d.i. 'n verskaffer) gehef. Die algemene reël is dat 'n verkoper 'n standaardkoers van 15% BTW op die prys van artikels of dienste van die verbruiker vorder (hierdie % word deur die regering beheer en kan te enige tyd deur die Minister van Finansies gewysig word). Die verkoper trek die waarde van die BTW wat hy aan die verskaffer betaal het, af. Die verkoper moet die verskil elke tweede maand aan die SAID oorbetal. Dit verteenwoordig belasting op 'waarde' deur sy besigheid 'toegevoeg'. Soos ons hieronder kan aflei, is die stelsel nie so eenvoudig nie, maar dit is effektief deur die manier waarop die SAID in staat is om al die verskuldigde belasting in te vorder.

## Hoe raak BTW die verbruiker?



BTW word op goedere sowel as op dienste gehef. Byvoorbeeld, die diensgelde deur 'n advertensiebesigheid of 'n rekenmeester gehef is onderhewig aan BTW. BTW word op enige aktiwiteit wat gereeld of voortdurend deur besighede, handelaars, vervaardigers, professionele persone of klubs beoefen word, gehef.

Alhoewel dit nie vir julle nodig is om BTW-berekenings in graad 10 te doen nie, sal die volgende opdragte julle help om die begrippe beter te verstaan.

## REGISTRASIE EN BETALINGSPROSEDURES

Dit is verpligtend vir alle besighede met verkope (omset) van meer as R1 000 000 per jaar om as 'n verkoper te registreer. Geregistreerde verkopers word dan van die nodige vorms wat elke tweede maand aan die SAID saam met die betaalbare bedrag ingedien moet word, voorsien.

'n Besigheid met verkope van minder as R1 000 000 kan vir vrywillige registrasie aansoek doen, wat beteken dat hulle hulle insetbelasting van hulle uitsetbelasting kan aftrek wanneer die vereiste bedrag oorbetaal word. Besighede wat nie as verkopers geregistreer is nie, moet eenvoudig die volle 15% op kosprys aan hulle verskaffers betaal wat die BTW aan SAID sal oorbetaal.

Geen besigheid wat minder as R50 000 verdien, word toegelaat om as 'n verkoper te registreer nie.

By assessering van die verkoopswaarde, sal die SAID die eienaar en nie spesifieke besighede nie, in ag neem. Byvoorbeeld, indien jy een besigheid met verkope van R800 000 en 'n ander besigheid met verkope van R220 000 besit, sal jy moet registreer as 'n verkoper omdat jou gesamentlike omset R1 000 000 oorskry.

As 'n sakeman mag een van jou bekommernisse wees dat, as jy op krediet verkoop en vir betalings deur jou debiteure moet wag, jy 'n likiditeitsprobleem in die gesig mag staar indien jy BTW in die maand waarin die verkooptransaksies plaasvind, moet betaal. Dit is om hierdie rede dat die BTW-regulasie in die berekening voorsiening maak om hierdie probleem te vermy.

## NULKOERSITEMS

As 'n algemene reël is alle belasbare goedere koers van 15%. Sekere items is egter onder-

0

wat verskaf word onder hewig aan 'n standaard-hewig aan 'n 0%-belastingkoers.

Die nulkoersitems behels goedere of dienste BTW onderhewig sou wees, maar wat weens druk op hulpbehoewende verbruikers sal plaas gevorder sal word. Hierdie items is bruinbrood, mielieprodukte, rys, lensies, droë bone, peulgewasse, vrugte, groente, melk, melkpoeiers en mengsels, kookolie, eiers, ingelegde sardyne en paraffien. Petrol en dieselbrandstof is ook nulkoers-items, maar hulle is onderhewig aan brandstofheffings, wat by die pompprys ingesluit is. Nietemin, die brandstofheffings kan enige tyd deur die Minister van Finansies verander word.

0%

wat normaalweg aan hulle aard, finansiële indien BTW van 15%



## ITEMS VRYGESTEL VAN BTW

BTW-vrygestelde goedere en dienste is daardie items wat deur wetgewing, nie onderhewig aan BTW is nie. BTW mag glad nie op hierdie items gehef word nie. Voorbeelde is: rente, tariewe, uitvoerdienste, kindersorgdienste, opvoedkundige dienste, dienste deur nie-winsgewende-verenigings voorsien.

Geen BTW kan op die volgende bygevoeg nie:

- Private verkope van persoonlike of huishoudelike items
- Stokperdjies of enige skeppende werksaamhede (behalwe as dit 'n besigheid word)
- Salarisse en lone
- Ens

Hierdie blyk soortgelyk aan nulkoersitems te wees, maar dit is nie. Onthou dat nulkoersitems op enige stadium met BTW belas kan word as die Minister van Finansies besluit om die % tot bokant 0 te verhoog. Hierteenoor kan BTW-vrygestelde items glad nie BTW tot hulle prys toegevoeg kry nie, behalwe as die wet verander.

## ONTDUIKING EN VERMYDING VAN BELASTING

Dit is elke persoon se voorreg om die betaling van belasting soveel as moontlik te vermy. Byvoorbeeld indien jy so min as moontlik BTW wil betaal, kan jy jou aankope verminder. Indien jy minder inkomste-belasting wil betaal, kan jy jou spaargeld na belastingvrye beleggings oorplaas, soos skenking- of aftreefondse of regeringsobligasies. Dit word belasting vermyding genoem.

Dit is onwettig om belasting te ontduik. Indien jy inkomste wat belasbaar is verdien het, is dit 'n wetlike vereiste om hierdie inkomste in jou inkomsteopgawes te verklaar en SAID sal die toepaslike belasting daarop hef. Indien jy oneerlik foutiewe belastingopgawes in-dien, sal jy skuldig aan belastingontduiking wees, wat 'n kriminele oortreding is en strafbaar is met boetes of gevangenisstraf.

Belastingontduiking is 'n potensiële probleem wat elke regering probeer bekamp. Daar moet onthou word dat die regering 'n sekere hoeveelheid belastinggeld benodig om sy uitgawes te dek. Indien die regering nie in staat is om belastingontduiking te bekamp nie, bring dit mee dat belastingkale verhoog sal word, wat beteken dat die eerlike belasting- betalers selfs verder benadeel word. In onlangse jare het Suid-Afrika afnemende belastingkoerse om verskeie redes ondervind, waarvan een die toenemende doeltreffendheid in die invordering van belasting is.

## OPDRAG 7.3 Belasbare, Nulkoers en Vrygestelde items

Bestudeer die volgende 6 items (of goedere of dienste) en merk daardie af wat jy dink

- Onderhewig is aan 15% BTW
- Nulkoers (0%) BTW
- Vrygestel is van BTW

Daarna moet jy 'n verdere 6 items neerskryf (goedere en dienste) - 2 items wat belasbaar is met 15%; 2 items wat belasbaar is met 0% en die laaste 2 items wat vrygestel is van belasting.

	Goedere / dienste	15% BTW	0% BTW	VAT gestel	Vry-gestel
1.	Bruinbrood				
2.	Salaris van hotelbestuurder				
3.	Blikke sardiens				
4.	Petrol				
5.	Skoolgeld betaalbaar aan publieke skole				
6.	Aankope van persoonlike rekenaar				
7.					
8.					
9.					
10.					
11.					
12.					

## OPDRAG 7.4 Aanbieding van Staatsinkomste en uitgawes

Maak 'n plakkaat of PowerPoint-aanbieding om die volgende weer te gee:


- Die bronne van belastinginkomste deur die regering ontvang
- Die gebiede waarin die regering die belastinginkomste spandeer.

## OPDRAG 7.5 Debatteer of inkomstebelasting afgeskaf moet word

Hou 'n debat in jou klas. Die onderwerp is: Die land sal as 'n geheel baat as inkomstebelasting afgeskaf word. Span A moet die mosie steun. Span B moet die mosie teenstaan.

## OPDRAG 7.6 Groepbespreking oor belasting

- ~~W~~arom is belasting 'n noodsaaklike euwel?
- Soorte belasting deur die SA-regering gehef.
- Wat is BTW en hoe die bereken word.
- Waarom BTW belasting is wat vir all inwoners regverdig is.
- Waarom sekere goedere 'n nulkoers het.
- Die verskil tussen belastingvermyding en belastingontduiking.



## OPDRAG 7.7 Groepbespreking oor belasting

Doen hierdie opdrag in die vorm van 'n rolspel. Een persoon vervul die rol van 'n tennisafripter wat baie geld maak deur diensgeld vir tennislesse te vra. Hy het 'n spoggerige motor en hy hou oorsee vakansie. Hy ontvang slegs kontant, nie tjeks nie en hy reik nie kwitansies uit nie. Hy spog dat hy nie belasting betaal nie en SAID kan hom nie vir belastingontduiking vang nie. Hy vorder BTW op sy diensgeld, maar hy is nie as 'n verkoper/verskaffer geregistreer nie. 'n Ander persoon speel die rol van sy buurman wat 'n vaste salaris van sy werkgewer verdien (inkomstebelasting word maandeliks afgetrek) en wat swaarkry om elke maand sy koste (insluitend BTW) te dek.

Die rolspel is bedoel om die volgende oor te dra:

- Die verskil tussen belastingontduiking en belastingvermyding
- Die gebrek aan etiek in die geval van die belastingontduiker

- Die uitwerking op eerlike belastingbetalers indien belastingontduiking toegelaat word om te bestaan.

Jy mag die omstandighede verander- en ander karakters bv. 'n SAID-inspekteur (of Petrus by die hemelpoort) inbring.

Dit is nie 'n vereiste van julle graad 10-sillabus dat julle vaardig moet wees in die berekening of prosessering van BTW op die vereiste vorms of in die joernale en grootboek nie. Daardie taak sal vir toekomstige jare gelos word.

## OPDRAG 7.8 Etiek en Interne kontrole aangeleenthede verwant aan BTW

Vir meer kennis oor etiek in die sakewêreld en interne kontrole, word u verwys na modules 13 en 14.

Beantwoord die volgende vrae:

- 7.8.1 Verduidelik kortliks hoe BTW in Suid-Afrika ingesamel word.
- 7.8.2 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) moet 'n afdeling daarstel wat seker maak dat alle bedrae vir BTW wat deur ondernemings verskuldig is, aan SAID oorbetaal word. Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik.
- 7.8.3 Hoe word die eerlike inwoner in Suid-Afrika deur oneerlike ondernemings, wat nie die korrekte bedrag vir BTW verskuldig aan SAID oorbetaal nie, geaffekteer?
- 7.8.4 As jy 'n SAID-beampte is met die opdrag om die korrekte bedrag wat aan SAID betaal moet word na te gaan, wat sal jy wil nagaan? Gee ten minste drie punte.

## KONTROLELYS

Vaardighede	Ja - bereik	Vereis meer aandag	Voltooi
Begryp die redes vir belasting in die land			
Verstaan die basiese beginsels van Belasting op Toegevoegde Waarde			
Begryp wie as 'n BTW-verkope moet registreer.			
Verstaan die verskil tussen standard BTW, nulkoers- en belasting-vrygestelde items			
Verstaan die verskil tussen belastingontduiking en belastingvermyding			